**Saterdag 16 Januarie**

**Skrifgedeelte: Genesis 3:4-15; HK Sondag 3, Vraag 7**
**Fokusgedeelte: Genesis 3:6**

## Die sondeval

In die maklik verstaanbare woorde uit Genesis 3:6 hierbo word die ontsettendste van alle wêreldrampe aan ons meegedeel. Uiterlik geoordeel, lyk dit of daar nie veel gebeur het nie. Die dreuning van hierdie val in sonde is egter tot in die hoë hemel gehoor en tot in die diepste afgronde gevoel. Met een geweldige skeur is die skepping as't ware uiteengeruk. Al die verhoudings tussen God en die skepping, tussen God en mens, tussen mens en mens, tussen mens en dier is geskend en verbreek.

Die eet van 'n verbode vrug lyk na 'n nietigheid. In die diens van die Here is daar egter nooit nietighede nie. Deur die verbode vrug te eet, het die mens immers in verwaande selfverheffing God verwerp en vir Satan gekies. Daarom is dit geen ligte oortreding nie, maar die tragiese keerpunt in die wêreldgeskiedenis.

Hier is nie maar net 'n misstap begaan nie, maar 'n sonde teen God wat uiteindelik soos suurdeeg alles en almal sou deurtrek. Hier is die revolusiegees van Satan om teen God in opstand te kom, op die mens oorgeplant.

Wat hier gebeur het, word in ons belydenis *val en ongehoorsaamheid* genoem.

By die woord *val* dink 'n mens aan 'n onheil, 'n ramp wat iemand tref en waar hy tot 'n groot mate passief is. Hier sien dit waarskynlik veral op die verleiding van Satan. Die sonde is egter ook 'n aktiewe daad: dit is *ongehoorsaamheid*. Die sondaar is nie maar net 'n beklaenswaardige slagoffer sodat hy geen verantwoordelikheid vir sy dade het nie. Nee, hy is ook 'n misdadiger wat ten volle verantwoordelik en ten volle toerekenbaar is. Die sonde is 'n opsetlike daad van ongehoorsaamheid teen sy beterwete in!

Was dit nie dat God in sy onbeskryflike groot genade en ontferming reeds in die paradys die verlossing deur Christus in vooruitsig gestel het nie (Gen. 3:15), sou die sondeval die begin van die ewige oordeel en straf vir alle mense gewees het.